

**Woensdag 5 Oktober**

**Skrifgedeelte: Johannes 6:59-71 (1983-vertaling)**

**Fokusgedeelte: Johannes 6:68, 69**

**Luister na Jesus Christus sodat u in Hom bly om ander met u woorde  
lewend te maak**

Staan by u venster en hoor die woorde wat in u huis gesê word. Maak die woorde lewend, vertel en bely dit God se reddende genade, getuig dit van sy beskerming en liefde vir almal? Of is dit helaas woorde wat afbreek, verkleineer, stukkend maak en twyfel saai oor sy regering en almag? Moenie u seer agter woorde wegsteek nie.

Jesus Christus onderrig die skare deur die lewende Woord en gee aan hulle brood vir die pad. Hy loop op die water en is groter as Moses wat manna en water gegee het. Hulle moet sy liggaam eet en sy bloed drink om in Hom te bly sodat hulle woorde lewend maak. Die skare gebruik woorde om dood te maak en af te breek en weier om in Hom te glo. Hulle gebruik woorde verkeerd en begryp nie Christus se onderrig nie, en draai hulle rug op Hom. Wie woorde negatief gebruik om te kla en teen die ellende om hulle vaskyk, leef sonder Christus.

Op die vraag van Christus bely Petrus: *U het die woorde wat ewige lewe gee.* Hy het geluister na die woord en kan bely dat Jesus die Heilige van God is wat in die gelowige bly en lewe gee.

Bly in Christus en sy Woord sodat u met u woorde lewe wek. Leer u kinders, kleinkinders en almal deur woorde die almag, die liefde, die regering van ons God en Vader. Leer hulle om met woorde heel te maak, te vertrous, te bou, te hoop, te sien en sy koninkryk te bou.

*Sing: Psalm 111:1, 3 (2001)*

*Prof. SJ (Sarel) van der Merwe (Mafikeng)*